

# Hendrick Nicholas Daniel Gouws

*12 Desember 1942 - 12 Augustus 2008*



*Psalm 116 :15-18: Vir die Here is die  
dood van sy getroue dienaars geen  
geringe saak nie.*

*Ek is U dienaar, Here, van my geboorte  
af is ek al U dienaar:  
U het my vry gemaak.*

*Ek wil U loof met 'n dankoffer,  
ek wil die Naam van die Here aanroep.*

## ***Begrafnisbrief***

*Jesaja 41:13 - Want Ek, die Here jou God, gryp jou regterhand aan. Ek wat vir jou sê: Wees nie bevrees nie, Ek help jou.*

Die Here het 'n lyende siel gehelp - gered!!! Hoewel die pyn van verlies groot is, weet ons die Here se plan met hom en Sy genade vir ons is groter. Hy was 'n liefdevolle pa & eggenoot, 'n eerbare broer, 'n trotse oupa en waardevolle mens!!!

Rus vreedzaam in arms van die Here totdat ons jou weer mag omhels. Jou menswees sal ons altyd bybly, dis iets waaroor ons innig dankbaar is.

**Dankie Heer vir die geleende tyd  
saam met hom...**

Erediens: Ds Deon Serfontein

Skriflesing: Prediker 3 vers 1-8

Huldeblyk: André Ludick

Bedankings: Carel de Jager

### ***Draers***

Frits Fourie	Skoonseun
Carel de Jager	Skoonseun
André Ludick	Skoonseun
Tommie Bezuidenhout	Skoonseun
Krigé Steyn	Swaer
Piet Marais	Swaer
Steyn de Jager	Kleinseun
Drickus de Jager	Kleinseun
Jeandré Ludick	Kleinseun
Jan Fourie	Swaer
Tom Bezuidenhout	Swaer
Francois vd Merwe	Vriend
Corné Bezuidenhout	Kleinseun (Slipdraer)

## Gesang 177

1. Ek sien 'n nuwe hemel kom,  
    'n aarde nuut en vry.  
Die see en al wat skei, verdwyn.  
God self kom by ons bly.
3. Die Heer droog al die trane af,  
    verby is droefheid, dood.  
Ja, pyn en smart wyk uit die hart-  
ons moeite, angs en nood.
5. Oorwinnaars, sal ons alles erf  
    en drink uit die fontein  
van lewenswater, heerlik, rein.  
En God sal oor ons skyn.

## Lied 464

1. O Heer my God, as ek ineerbied wonder  
    En al U werke elke dag aanskou  
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,  
    hoe U dit elke dag so onderhou...  
Dan moet ek juig my Redder en my God!  
    Hoe groot is U; hoe groot is U!  
Want deur die hele skepping klink dit saam:  
    Hoe heerlik, Heer, U grote Naam!
2. Ek sien die veld—die bosse, berge, vlaktes.  
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.  
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles  
    en U sorg dag na dag vir my, U kind.  
Dan moet ek juig my Redder en my God!  
    Hoe groot is U; hoe groot is U!  
Want deur die hele skepping klink dit saam:  
    Hoe heerlik, Heer, U grote Naam!